

## Moet 'n vastetermykontrak 'n einddatum hê?

**Vraag:** Moet 'n vastetermykontrak met 'n werknemer 'n einddatum hê?

**Antwoord:** Nie noodwendig nie. Die aanstelling is dalk ten opsigte van 'n gebeurtenis, taak, of projek waarvan die duur onseker en die einddatum onbekend is.

**Kort verduideliking:**

Die wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge het meer substansie aan die term 'vastetermyndienskontrak' verleen. Hierdie wysigings het met ingang van 1 Januarie 2015 in werking getree. Die bepalings rondom vastetermykontrakte is veral van belang ten opsigte van werknemers wat vir langer as 3 maande aangestel word en onder die betrokke drempel verdien. Sodanige werknemers kan as permanent in diens beskou word indien hulle kontrakte nie 'n regverdige rede vir die 'vaste termyn' bevat nie.

In teenstelling met die algemene verwysing na 'n 'tydelike' dienskontrak, blyk die term 'vastetermykontrak' op die oog af meer spesifiek te wees. 'n Mens kan onder die indruk verkeer dat daar 'n begindatum en 'n einddatum moet wees. Die nuut-ingestelde Artikel 198B omskryf egter 'n 'vastetermykontrak' as 'n dienskontrak wat –

- (a) met die plaasvind van 'n gespesifiseerde gebeurtenis eindig;
- (b) met die voltooiing van 'n gespesifiseerde taak of projek eindig; of
- (c) op 'n vasgestelde datum, buiten 'n werknemer se gewone of ooreengekome aftree-ouderdom, eindig.

Uit die bostaande kan ons sien dat die Wet vir omstandighede voorsiening maak waar die duur onseker is en waar dit nie moontlik is om 'n einddatum te spesifiseer nie. Hoe bewoord 'n werkgewer 'n kontrak onder hierdie omstandighede? Ons stel voor dat die gebeurtenis, taak of projek duidelik omskryf word. Byvoorbeeld, die kontrak sal eindig "... aan die einde van die druiweplukseisoen op Dewberry Plaas"; of "... sodra die binnemure van die gereedskapskuur klaar geverf is; of "... na afhandeling van die oudit vir DBF Engineers". Hoewel dit dalk nie streng noodsaaklik is om in hierdie gevalle kennis van beëindiging te gee nie, sou dit steeds 'n goeie idee wees om, wanneer die einddatum naby is, dit te antisipeer. Kommunikeer dan met die werknemer oor die datum waarop die gebeurtenis, taak, of projek (en diens) sal eindig.

Klik hier vir meer besonderhede oor vastetermykontrakte: <http://www.labourwise.co.za/labour-articles/fixed-contracts-update>

*Artikel geskryf deur Jan Truter van Labourwise*

[www.labourwise.co.za](http://www.labourwise.co.za) is 'n aanlyn arbeidsbetrekkingsdiens wat ten doel het om werkgewers met die inwerkingstelling van doeltreffende arbeidsbetrekkings van hulp te wees. Hulle kan via die webtuiste of by [info@labourwise.co.za](mailto:info@labourwise.co.za) gekontak word.